

Bolwerk teen die verderf van dwaalleer

Kerkwees en gelowig wees gaan oor die uitverkiesende God. Hierdie gesonde leer word bedreig as daar nie organisasie en orde in 'n kerk en tussen gelowiges bestaan nie.

Jode van die eiland Kreta het waarskynlik met die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem gelowig geword en die boodskap van verlossing in Kreta begin verkondig. Wanneer Paulus ná 'n besoek daar vertrek, moet Titus onder moeilike omstandighede die organiseringswerk voortsit. Deel van hierdie werk behels die organisering en toerusting van die gemeente sodat hulle onder die mense met 'n slegte karakter en onder moeilike omstandighede van hulle geloof kan getuig. Sterk Joods-wettiese invloede moet gebolwerk word sodat die gesonde leer kan seëvier.

Voordat Paulus die gesonde leer verduidelik (2:2 – 3:15), is dit nodig dat Titus onberispelike leiers (1:5-9) aanstel en die dwaalleer bestry (1:10 – 2:1). Dit is opmerklik hoe Titus te werk moet gaan:

Met die *aanstelling van ouderlinge* in elke dorp van Kreta moet die ouderlinge onberispelik wees (5-9). Daar mag nie 'n vinger na die leiers van die kerk gewys word, soos wat na die leiers op die eiland gewys word nie. Die ouderlinge se gesinslewe moet ook gesond wees (6) en hulle openbare gedrag (7-8) moet voorbeeldig wees. Hulle moet toegerus wees om die betroubare woord te hanteer. Om God wat sy woord hou (2) se Woord uit te dra, moet diensknegte sonder vlek of rimpel self aan sy Woord hou.

Die *onbetroubare leer* van sommige Jode moet aan die kaak gestel word en gelowiges moet streng tereg gewys word (1:10 – 2:1). Die karakter van die Kretensers was swak: Hulle is wêreldwyd bespot oor hulle leuenagtigheid, onmanierlikheid en vraatsigheid. Hulle het eiesinnige en selfgemaakte godsdienstige reëls versprei wat gerig was op wêreldontvlugting. Paulus draai geen doekies om as hy hierdie bestryders van Christus openbaar nie. As dit oor die eer van Christus gaan, maak sagte handjies stinkende wonde! Die kanker moet uitgeroei word. Om die gesonde leer tussen gelowiges te handhaaf:

- is sterk, onberispelike leiding nodig, en
- moet dwaalleer duidelik aan die kaak gestel word.

So word die orde in Christus se kerk gedien (1 Kor 14:40).

Sing: Psalm 34:1 (1936)